



# Hoe om vryskut te werk én kop te hou

Niefiksie

**Solo**
Rebecca Seal
SOUVENIR PRESS, R410

Een plesier van boekresensent wees, is die boeke wat onverwags oor jou pad kom – en waaroor jy met vrymoedigheid aanbevelings kan maak.

*Solo*, deur die voormalige *Observer*-joernalis Rebecca Seal, verskyn op die regte tyd en regte plek en met net die regte onderwerp, die vooruitsigte van die vryskutwerker, sonder om enige doekies om te draai.

Wêreldwyd, selfs voor Covid-19, was daar 'n skuif van korporatiewe ruimtes en kantore na die meer informele opset om tuis, in 'n studio of selfs 'n kleiner gehuurde werkruimte wat gedeel word of in 'n koffiekroeg te werk.

Heelwat mense sou waarskynlik spring as die geleentheid hom voordoen, maar die voor- en nadele van vryskut wees vereis heelwat flink dinkwerk. *Solo* is allesbehalwe 'n vryskut-bybel wat die evangelie van die vryskutwerker verkondig. Verwag eerder 'n eerlike, opregte, dikwels bitter snaakse en verrassend diepgaande boek wat met die uiterste gemak en ordentlike navorsing probeer om presies uit te wys watter groot en klein voordele en watter ellelange lys moontlike nadele 'n mens kan verwag, en ook watter slaggate tot elke prys vermy moet word indien daar besluit word om heeltyds vryskut te werk.

Seal benadruk: Dis hoegenaamd nie 'n maklike skuif nie, en nog minder een wat bloot op grond van die ekonomiese oorwegings gemaak kan word.

*Solo* bespreek in vermaaklike, onderhoudende, maklik verteerbare hoofstukke hoe en hoekom ons werk, waar ons (graag) werk en hoe vryskut-sukses kan lyk.

Lees jy *Solo*, is dit duidelik dat Seal 'n magdom harde lesse uit haar ongeveer dekade as vryskutwerker geleer het en nie speel wanneer sy vertel hoe sy reeds die afgelope vyf jaar die boek konseptualiseer nie.

As jy enigsins die opsie oorweeg of reeds die sprong gemaak het, is dit die boek vir jou.

■ **Jonathan Amid** *is 'n vryskut-taalpraktisyn en -resensent van Stellenbosch.*

# Militêre geskiedenis met nuwe oë bekyk

***Sights, Sounds, Memories* verdien om wyd gelees te word en behoort nie net tot akademiese kringe beperk te word nie, skryf Gert van der Westhuizen.**

Niefiksie

**Sights, Sounds, Memories**
Ian van der Waag (red.)
SUN PRESS, R375

Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog is een van die onderwerpe wat in die vorige eeu deur plaaslike historici afgeskeep is.

Daar was verskeie redes daarvoor. Een was die byna oordrewe klem in ons geskiedskrywing op die Anglo-Boereoorlog, politieke geskiedenis en selfs die Groot Trek. Dit was boonop nie juis polities korrek om oor die Tweede Wêreldoorlog te skryf terwyl daar 'n regering aan die bewind was wie se leiers erg teen Suid-Afrika se deelname aan dié wêreldkonflik gekant was nie.


In die 21ste eeu moes die Tweede Wêreldoorlog aanvanklik boonop eers opsy staan vir boeke oor die Grensoorlog. Maar soos die 100-jarige herdenking van die Tweede Wêreldoorlog nader kruip, word werke daaroor gelukkig meer algemeen.

Dit wissel van sogenaamde populêre boeke tot behoorlik nagevorste werke deur gerekende historici. *Sights, Sounds, Memories: South African Soldier Experiences of the Second World War* val in die laasgenoemde kategorie.

Dié boek, die derde in die reeks *African Military Studies*, is om verskeie redes 'n baie belangrike bydrae tot die Suid-Afrikaanse historiografie. Dis die pennevrug van gesoute militêre historici en dit steun swaar op argivale navorsing, wat beteken die leser gaan werklik iets nuuts leer en nie bloot te doen kry met 'n opgewarmde weergawe van sekondêre bronne nie.

Daarby kyk dit met nuwe oë na die militêre geskiedenis en word die rol en belewenisse van gewone soldate onder die vergrootglas geplaas eerder as dié van militêre leiers en staatsmanne en is dit allesbehalwe 'n vervelige relaas van gevegsplanne en -formasies.

Oorloë, merk Van der Waag in die inleidende hoofstuk op, word immers deur gewone mense beleef en geveg. *Sights, Sounds, Memories* praat in dié opsig met Samuel Hynes se aangrypende en invloedryke *The Soldiers' Tale: Bearing Witness to Modern War*.




Van der Waag kyk in die eerste hoofstuk hoe Suid-Afrikaanse soldate die vreemde en soms selfs eksotiese omgewing waarin hul oorloë plaasgevind het, ervaar en daaroor verslag gedoen het in onder meer herinneringsgeskrifte. Vir baie van hulle was dit 'n eerste en enigste geleentheid om na die buiteland te reis en was hulle gevolglik ook toeriste.

Niemand se oorlog was ook presies dieselfde nie. Vir baie was dit nie juis merkwaardig of opwindend nie. Evert Kleynhans skryf byvoorbeeld in 'n ander hoofstuk oor Arthur Bintliff se wedervaringe in Madagaskar in 1942. Hy laat die soeklig nie net op die grootliks vergete Suid-Afrikaanse veldtog in Madagaskar val nie, maar ook op die daaglikse, dikwels vervelige, rituele van soldaatwees.

Menige oudsoldaat sal kan identifiseer met Bintliff se beskrywing in 'n brief van 'n uitmergelende patrollie en sy visioene van koue bier, galonne tee (nie die tee wat die weermag verskaf nie, maar "regte" tee), koeldranke en die Durbanse strand. Maar helaas, "on you plod, your water bottle long ago empty of its sultry fluid".

Suryakanthie Chetty vertel in dié verband ook van (wit) vroue in oorlogsdiens se "groot avontuur". Rishika Yadav skryf oor die lot van bruin krygsgevangenes en daardeur kry mense wie se bydrae tot die oorlogspoging in die verlede dikwels geïgnoreer is, die aandag wat hulle verdien.

Van die ander hoofstukke is dié van Carl Punt wat handel oor weerman John Beresford Lugg, Suid-Afrika se eie "private Ryan", wat 'n veiliger oorlogswerk moes kry nadat twee van sy broers gesneuwel het en 'n ander vermis is; Van der Waag s'n oor Eric Axelson, wat die veldtog in Italië as historikus meegemaak het; en Karen Horn se vertelling van die militêre personeel in hospitale in die Midde-Ooste van 1941 tot 1945.

Frankie L. Monama se hoofstuk oor Suid-Afrikaanse propaganda wat veronderstel was om gewone soldate se moreel hoog te hou, is 'n ander fassinerende bydrae. (Monama skryf ook in 'n ander hoofstuk oor buitelanders wat in die Unie-Verdedigingsmag gedien het.)

> **In die 21ste eeu moes die Tweede Wêreldoorlog eers opsy staan vir boeke oor die Grensoorlog.**


Graeme Plint en Anri Delport skryf oor die rol wat oorlogsveterane, soos sir De Villiers Graaff, leier van die Verenigde Party, Colin Eglin, latere leier van die Progressiewe Federale Party, en die kommunis Joe Slovo, in die Suid-Afrikaanse politiek gespeel het in die tydperk van 1945 tot 1960. (Die versoeking is vir my net te groot om hier effe moedswillig op te merk dat dit die Sappe, Progs en kommuniste was wat fascisme beveg het, terwyl latere leiers van die Nasionale Party wat 'n paar geslagte se seuns gedwing het om te gaan oorlog maak, by die huis gesit en heimlik op 'n Nazi-oorwinning gehoop het.)

Plint en Delport vra 'n klompie interessante vrae in hul hoofstuk, soos waarom soldate wat aan die veldtog in Italië deelgeneem het, later meer liberaal en radikaal in hul politieke denke was as dié wat net in Afrika diens gedoen het. Was dit omdat hulle die verwoesting wat op 'n fascistiese diktatuur gevolg het, eerstehands kon sien of was dit omdat mense met meer radikale oortuigings eers by die weermag aangesluit het nadat Nazi-Duitsland die Sowjetunie in 1941 binnegeval het?

*Sights, Sounds, Memories* wemel van soortgelyke stimulerende vrae. Maar dié boek se waarde strek veel wyer. Dit slaan ook die mite die nek in dat akademiese skryfwerk wat op argivale navorsing gegrond is, nie toeganklik is nie.

Dit verdien om wyd gelees te word en behoort nie net tot akademiese kringe beperk te word nie.

■ **Gert van der Westhuizen** *is Netwerk24 se Stemme-redakteur.*




# Snakskrif nie vir sensitiewe lesers nie

Fiksie

**Dominique**
Erla-Mari Diedericks
LAPA, R250

Wat het ons hier? wonder 'n mens oor Erla-Mari Diedericks se *Dominique*.

Daardie *Shades of Grey*-dingetjie wat Afrikaans die een of ander tyd móés tref? 'n Boek met geforseerde beelding soos "(…) die karnivoriese mond van die donker parkeergarage (…)" op bl. 23? Of 'n roman wat so sinies is dat jy daaraan kan stik, soos op bl. 60: "Van wanneer af is mans vrygewig met liefde?"

Maar hoe kan jy nié sinies wees as jy seks aan veral getroude mans verkoop nie?

*Dominique* (in Latyn beteken dit "Heer") is 'n "courtisan". Sy onthaal mans in haar slaapkamer en doen dinge aan en vir hulle wat hul eie vrou nooit sal nie. Daarby skilder sy selfportrette waarin sy haarself in gekompromitteerde posisies uitbeeld. Sy word geteister deur 'n agtervolger, dalk twee. Die "agtervolger" laat bewyse in haar woonstel dat hy daar was wanneer sý nie was nie. Hy of sy stuur bosse blomme en WhatsApp-boodskappe. Die lys verdagtes is lank. Dominique vra Philip, 'n oud-"kliënt" en polisiebeampte, om hulp. Dis naelbytintrige.

Die een aspek wat die verhaal daarby anders as ander spanningsromans maak, is die frekwensie van seks en die grafiese, amper wrede detail waarmee dit aangebied word: As daar iets is soos 'n hygroman, is dit 'n snakroman.

Dominique se traumatiese kinderjare dreig om 'n bygesleepte motivering vir haar leefstyl te wees eerder as 'n volwaardige katalisator, maar al bied die gegewe soveel slaggate waarin die skrywer sou kon trap, kán sy 'n storie vertel: *Dominique* is geïnspireerd en dit voel nooit asof seks bygesleep is as sensasionele skokteegniek nie. Alles in dié verhaal maak sin en daar is geen rede hoekom grafiese seks nie die ruggraat van 'n goed geskrewe spanningsroman, eintlik 'n sielkundige riller, kan wees nie. As jy lus het vir 'n anderste roman.

Publikasiedatum: 21 Mei.

■ **J.B. Roux** *is 'n vryskutresensent van Riebeek-Wes.*

# Bloemhof se 'wiedoenit' hou leser enduit aan die raai

Misdaadfiksie

**Die duiwel maak my hart so seer**
François Bloemhof
LAPA, R280




Ontmoet Ludo Labuschagne, die onkonvensionele held van *Die duiwel maak my hart so seer*, François Bloemhof se nuutste boek en die eerste in 'n reeks "wiedoenits".

Millenniër-ouers ken die tipe: Die seun wat al diep in die 20 is, maar steeds nie die nes verlaat het nie. Hy het nie 'n vaste werk nie, ook nie 'n vaste meisie nie. Hy lê naweke leeg voor die televisie óf met sy neus in 'n boek. Hy's nie dom nie, allesbehalwe, net effe lui. Iewers, glo sy ma, moet hy grootword. As hy net sy roeping kan vind . . .

Gelukkig vind Ludo Labuschagne sýne: om raaisels op te los.

Ludo hoor van 'n familie, die Van Biljons, wat die laaste tyd deur een ongeluk ná die ander getref is. Die Van Biljons maak dit af as *bad luck*, maar Ludo ruik lont. Hy glo iemand is besig om die Van Biljons te teister en hy is vasbeslote om dié duiwel aan die kaak te stel.

Iets wat jy by voorbaat moet weet: Hierdie storie speel af in 1981. Januarie 1981, om presies te wees.

Die manier waarop die leser na daardie tyd en milieu verplaas word, is 'n prestasie. Dit word onder meer bewerkstellig deur talle verwysings na ikone uit die 1980's (Flash Gordon; Freddie Mercury; Goldie Hawn), aspekte van populêre kultuur (die televisiereeks *Dallas*; die arkadespeletjie Pac-Man; Purdey met haar bolvormige kapsel) en kontemporêre wêreldgebeure (die Grensoorlog; Reagan se inhuldiging; die Laingsburg-vloed).

Daarbenewens word gewilde liedjies uit daardie era, soos Village People se "YMCA" en Blondie se "The Tide Is High", betrek – dikwels met ironiese effek – en dit verleen aan die roman 'n ryk klankbaan.

Is hier 'n mate van nostalgie wat meewerk om die trefkrag van die boek te verhoog? Ek vermoed so, minstens vir sekere lesers, maar dit moenie as kritiek beskou word nie. Nostalgie verkoop.

Jy sal ook nie in dié boek met die kompleksiteite van postapartheid-Suid-Afrika gekonfronteer word nie.

Bloemhof se besluit om die verhaal in die 1980's te setel, is egter meer as 'n nostalgiese teruggryp na 'n vervloë tyd. Dit is 'n strategiese skuif. Bloemhof verduidelik in die voorwoord: "Ek glo die speurverhaal is in lewensgevaar. Forensiese werk verdring goeie ou intuïsie en gevolgtrekking."

Daarom word die leser teruggeneem na 'n tyd voor die internet, geslotebaan-televisiekameras, GPS en ander moderne tegnologieë wat "suiwer" speurwerk verdring – die soort waar 'n speurder net staatmaak op sy of haar grys selletjies.

Ludo bewimpel dit so dat hy as private speurder in die Van Biljonsaak aangestel word.

Omdat hy egter nie 'n polisieman is nie, kan hy nie sonder meer by 'n plek instap, sy kenteken flits en aandring om met getuies te praat nie. Hy moet vindingryk wees. In dié opsig herinner Ludo aan Dirk Gently van Douglas Adams op Netflix.

Ludo se rondvraery versteur die Van Biljons se stille waters en dit word gou duidelik dat hier 'n paar duiwels onderlangs draai. Kort voor lank sit hy met 'n spul verdagtes en 'n situasie wat net sowel die premis vir 'n Agatha Christie-speurverhaal kon gewees het.

Christie is trouens Bloemhof se rolmodel – minstens vir hierdie betrokke skryfprojek – want hy bespiegel in die voorwoord: "Ek is bedoel om so iets te skryf, anders sou ek nie op 15 September gebore gewees het nie. Dieselfde dag as Agatha Christie."

Die voorwoord, waarin Bloemhof besin oor die stand van Afrikaanse misdaadfiksie en sy rasionaal met die skryf van dié boek, is myns insiens een van die interessantste aspekte van die teks.

Aan die een kant bied dit vir die leser 'n kykie agter die skerms. Jy sien as't ware die skrywer se denkproses blootgelê.

Bloemhof stippel byvoorbeeld 'n agttal reëls of "rigtingwysers" uit waarbinne hy onderneem om te bly met die skryf van die Ludo Labuschagne-reeks.

Andersyds kan so 'n voorwoord maklik verval in ekkerigheid en vir sommige lesers dalk 'n te direkte uitspel van die skrywer se agenda, eerder as wat die roman toegelaat word om vir sigself te praat.

Hoe dit ook al sy, dié roman daag verwagtinge uit. En tog kan die misdaadfiksieskrywer nie bekostig om heeltemal weg te breek van die beproefde konvensies van die genre nie. Wyk jy té radikaal af, vervreem jy jou leser.

Met *Duiwel* bewys Bloemhof dat hy ten volle in beheer is van die speurverhaal se twee basiese dryfvere: raaisel en spanning. Kyk byvoorbeeld na die boeiende neusieverby-toneel in 'n grinterige ou wolkenstelblok (hoofstuk 44 tot 48), en die mespunt-klimaks waarin die skurk uiteindelik ontbloot word (hoofstuk 52 en 53).

Humor is ook 'n sterk punt. Enkele voorbeelde sluit in Hentie, Ludo se beste vriend, wat die wag voor sy mond kwyt is en Ludo wat in meer as een opsig "tekortskiet" (bl. 161).

Belangriker is egter die feit dat *Die duiwel maak my hart so seer* 'n mens enduit aan die raai hou – die grootste kompliment vir enige speurverhaal wat daarna streef om Christie se skoene vol te staan.

Ten slotte kan 'n mens bloot François Bloemhof se skynbaar onuitputlike kreatiewe energie bewonder. Hoeveel duisende woorde het hy nie al op sy sleutelbord uitgeraps nie?

En nog is dit het einde niet!

■ **Neil van Heerden** *doseer Afrikaanse letterkunde aan Unisa.*